

### Tiendemaanddankoffer

In die NG Gemeente Debruinpark is ons al jare in die ritme van een jaar basaar en die volgende jaar tiendemaanddankoffer, a.g.v COVID-19 sal ons nie hierdie jaar basaar hou nie. Die gedagte agter die tiendemaanddankoffer is om gemeentedele te vra om 'n addisionele bydrae in die tiende maand te maak. As lidmate moet ons dan poog om hierdie maand 'n volle tiende van ons inkomste as dankoffer te gee.

Vir die gemeente is die tiendemaanddankoffer baie soos daardie dertiende tjek wat salaristrekkers kry – dit is 'n ekstra wat gate toestop waarby deur die jaar nie uitgekóm is nie.

In ons gemeente is dit opmerklik dat die bedrag wat ons gewoonlik met die tiendemaanddankoffer insamel, baie dieselfde is as wat ons met 'n basaar insamel. Ons rig dus 'n versoek aan jou om 'n addisionele bydrae te maak as tiendemaanddankoffer. Dui dit asseblief duidelik aan. Skryf op die koevertjies *10 de maand*, of as jy elektronies oorbetal, dui dit ook daarop aan.

Metodes hoe om maandelikse dankoffers te betaal:

- Elektroniese oorplasing (EFT): Kry die gemeente se bankbesonderhede by die kerkkantoor, agter op ons kalender of op ons webwerf [www.ngdebruinpark.co.za](http://www.ngdebruinpark.co.za). Klik op bankbesonderhede. Let daarop dat jy jou oorbetalings op jou rekening kan stel om maandeliks self die dankofferoorbetalings te doen.
- Koevert: Jy kan ook jou bydrae maak deur jou bydrae in 'n koevert te sit en dit by die kerkkantoor af te gee, wag asb vir jou kwitansie.
- Stoporder: Om 'n stoporder te aktiveer, beteken dat jy bank toe moet gaan en vorms moet invul. Jy benodig ons gemeente se bankbesonderhede.
- Inbetaling by die kerkkantoor: Betaal kontant, per tjek of met 'n kaart by die kerkkantoor. Dis belangrik dat jy 'n kwitansie kry wanneer jy 'n inbetaling doen.
- Snapscan: Laai die Snapscan toepassing af op jou selfoon en gebruik die kode hier onder beskikbaar om geld oor te plaas.

Elektroniese oorbetalings is ongetwyfeld die beste en veiligste metode van betaling. As die bankbesonderhede reg is, sal die geld in die kerk se bankrekening oorbetal word met die laagste bankkoste. 'n Stoporder is ook baie veilig. Die nadeel is egter dat jy bank toe moet gaan om die betaling te aktiveer, te verander of te stop. Koste wissel van bank tot bank en ook van rekening tot rekening.

Die nadeel van kontant is die hoë kontantdeponeringskoste. Kontant het ook 'n veiligheidsrisiko. Dit is daarom belangrik om altyd op 'n kwitansie aan te dring.

Ons wil lidmate egter verseker dat by die hantering van kontant, voldoende beheer en kontrolemaatreëls in plek is om te verseker dat kontant wat vir die kerk gegee word, in die kerk se bankrekening inbetaal word. Kollekte wat Sondae ingesamel word, word altyd deur meer as een persoon getel en gekontroleer en so aangeteken.

Ons wil jou as lidmaat uitnooi om, ongeag die wyse van betaling, 'n kwitansie te versoek. Ons reik ook 'n bewys van ontvangs deur die kerk op versoek uit vir EFT- en stoporderbetaling.

Ons wil elkeen wat 'n finansiële bydrae lewer, bedank. Ons waardeer elke sent. Ons wil egter juis ter wille van hulle wat getrou bydra, ook 'n versoek rig aan al die lidmate om maandeliks 'n betaling aan die kerk te maak. Ons is 'n groot gemeente wat 'n groot verskil kan maak as elkeen sy kant bring.

Seën vir elkeen en mag die lente ons met lewenslus vul!

Snapscan: **kjnGZW95**



Snap here to pay



**SnapScan**

**Ds. Herman Mathee**

061 386 6020

Herman@ngdebruinpark.co.za

**Ds. DF Ehlers**

083 257 9257

Difehlers@gmail.com